GrysKrag GreyPower

Nuusbrief

Newsletter

Jan/Febr/Maart

Jan/Febr/March

2015

Volume 3, No. 4

INSIDE THIS ISSUE:

Tendense in die versorging van ouer persone	1
Aftredesemi-naar in Pretoria	1
Bekende kar-dioloog red weer	2
Recruitment of English teach-ers for China	2
Baat armes of rykes meeste?	2
Phased retire-ment to double your capital	3
Lewende testa-ment: maak self die keuse	3
Sosiale netwerk vir boekwurms	3
2014 se beste sakeboeke	4

TENDENSE IN DIE VERSORGING VAN OUER PERSONE

Die druk op die samelewing om na die land se bejaardes om te sien was die fokus van 'n lewendige bespreking onlangs by GrysKrag se negentiende jaarvergadering.

Dit het aan die lig gekom dat net sowat 15% van die bevolking se bejaardes dit kan bekostig om in privaat aftree-oorde te bly.

Ekonomiese druk dwing kinders om hul ouers uit aftree-oorde te neem en self te versorg.

Terselfdertyd word die druk op die gemeenskap om versorgeenhede te befonds al hoe groter, het dr Elma Krüger, 'n kenner op die gebied van bejaardesorg, gesê. Sy was die gasspreker by die jaarvergadering.

Dr Krüger wat die afgelope vyftien jaar as direkteur van Centurion Raad vir Bejaardes dien het 'n invloedryke rol gespeel in die wetgewing rakende bejaardes wat in 2010 in werking getree het.

"Die regering beskou ouderdom en verswakking van bejaardes as 'n natuurlike proses wat deur die gemeenskap gedra moet word. Die wet maak voorsiening dat bejaardes beskerm moet word teen verwaarlosing en uitbuiting" het sy gesê.

"Dit beklemtoon ook dat 'n bejaarde so lank moontlik in die gemeenskap gehou moet word en families meer ondersteunend moet optree as ooit tevore. Een van die maniere om dit te doen, is tuisversorging. Kroniese siektetoestande maak bejaardes weerloos en kwesbaar en afhanklik van sorg".

Gesubsidieerde aftree-oorde is slegs vir kategorie drie bejaardes — oftewel erg verswakte bejaardes.

Ofskoon privaat aftree-oorde altyd daar sal wees, is hulle 'n wonderlike uitkoms vir slegs 'n klein groep van die bevolking wat die luukse kan bekostig.

Onafhanklike ondersteunende behuising word ook meer gewild. Dit is 'n bekostigbare woonplek waar ses tot agt bejaardes saam woon en 24 uur versorg word deur opgeleide kundige versorgers. Kinders en familie van die bejaardes onderhou die woonplek.

GrysKragvereniging wat 'n kampvegter vir die welstand van bejaardes is loods verskeie aksies om senior burgers toe te rus vir die lewe nadat hulle afgetree het.

AFTREDESEMINAAR IN PRETORIA

Die eerste van 'n beoogde reeks seminare is op 12 November 2014 in die Atterbury teater gehou. Die seminaar is deur GrysKrag en *Plus50*-tydskrif aangebied en is bemoontlik deur 'n borgskap van Sanlam, Glacier en Glacier Internasionaal.

Klem was geplaas op uitnemende aftreedienste en inligting vir die 50-plus generasie. Onderwerpe wat hanteer was,het die volgende ingesluit: Top tien keuses vir 'n goeie en lang lewe; testament en boedelbeplanning; hard aan die werk in 'n werklose wêreld; 'n ekonomiese oorsig van wêreld-tendense; hoekom direk in die buiteland belê en daar was ook gekyk na aftrede in die praktyk.

Die volgende kundige en ervare persone het as sprekers gedurende die seminaar opgetree: Dr Hannetjie v Zyl Edeling, dieet– en sielkundige; Adv André de Kock, markspesialis en regsadviseur van Sanlam; Dr Piet Muller, bekende aanbieder van werkswinkels en seminare; Mnr Rudolph Prins van Glacier, Mnr Jacques Munnik van Sanlam Glacier Internasionaal asook mev Elsabé Smith van Sanlam.

GrysKrag en Plus50 Media beplan weer om 'n reeks seminare in verskeie stede gedurende 2015 aan te bied.

BEKENDE KARDIOLOOG RED WEER

Dr Ingrid Dannheimer saam met twee van haar pasiënte

'n Pretoriase kardioloog, wat 28 jaar gelede geskiedenis gemaak het toe sy 'n opehartoperasie vir die eerste keer in 'n privaathospitaal in die stad uitgevoer het, het dieselfde operasie op die ouderdom van 74 op dié pasiënt se dogter uitgevoer.

Dr Ingrid Dannheimer het 'n suksesvolle koronêre vatomleining op beide Ferdinand Goldschagg (78) en sy dogter Nandi Labuschagne (45) uitgevoer.

Goldschagg, toe 49, het in 1986 'n spoedomleiding in die Medforum-hospitaal ondergaan nadat Dannheimer met behulp van 'n moderne hartkateterisasie vasgestel het hy het koronêre trombose.

Tydens 'n hartkateterisasie word onder meer kateters in die groot vate van die been tot binne-in die hartkamers opgestoot, waar die druk in die verskillende hartkamers gemeet word om die aard van die hartsiekte aan te dui.

Dié operasie is destyds as 'n hartdeurbraak vir Pretoria beskou omdat privaat pasiënte vroeër elders moes gaan vir operasies.

Na byna drie dekades en met verbeterde tegnologie is nog 'n suksesvolle hartkateterisasie deur dieselfde kardioloog op Labuschagne uitgevoer.

Dannheimer, wat steeds in Pretoria praktiseer, het in Oktober verlede jaar 'n metaalbuisie, of te wel 'n "stent", in Labuschagne se hart geplant.

Min dokters kan aanspraak maak daarop dat hulle twee generasies van een gesin gered het.

RECRUITMENT OF ENGLISH TEACHERS FOR CHINA



Bejing

The China State Administration of Foreign Experts Affairs is recruiting English teachers in South Africa for various schools and institutions in China.

Positions: English teachers and oral English trainers for Chinese learners in kindergardens, primary schools, middle schools, colleges and universities.

Employment period: One year minimum.

Saliries & Welfare: Monthly salary 800 US Dollars with no upper limit, and will be determined according to positions offered.

Return air tickets and transport to the designated schools and back to South Africa. Free accommodation and basic articles for daily use. Medical and accident insurance in relation to the period of employment. Travel and sightseeing within China. Other welfare according to the regulations of various educational institutions.

Qualifications of candidate:

Mother tongue of candidates must be English or 20 years use of English as first language. Graduate certificate or above, with teaching experience or be willing to take part in short period teaching training section.

No criminal record and good health.

Any person or organization agreeing with the above may contact the South African workstation of SAFEA. **Contact details: Prof Chen: 082 8825214 or chenjiaji@live.cn or 011 3250484**

BAAT RYKES OF ARMES MEESTE?

Voedselpryse

Die petrolprys: John Loos, ekonoom en verbruiks- en eiendomstrateeg vir FNB, sê hoër inkomstegroepe vind meer baat by die direkte inpak van laer olieprys, naamlik laer petrolpryse.

Statistieke Suid Afrika se inligting toon dat laerinkomstegroepe meer van hul geld aan openbare vervoer bestee. Armes vind dus minder baat by die laer brandstofpryse omdat hulle baie staatmaak op openbare vervoer.

Voedselpryse: Armer mense vind egter meer baat by laer voedselpryse. Die armste mense bestee baie meer van hul inkomste aan voedsel as ryker mense

Die laagste inkomstegroep bestee 39% van hul inkomste aan kos. Dit daal tot 9% vir die rykste inkomstegroep.

Armes het egter nog nie juis die daling in die verbruikersinflasie begin sien nie. Teen November was die armste groep sin 6.2% op 'n jaargrondslag vergeleke met die rykste groep se 5.7%.

Loos glo egter armes kan baie meer baat vind by die indirekte impak van laer oliepryse. Dit sluit in die voordele wat dit vir ekonomiese groei inhou, die laer inflasiekoers en rentekoerse wat langer laag gehou word. 'n Beter ekonomiese groeikoers sal ook werkskepping bevorder.

PHASED RETIREMENT TO DOUBLE YOUR CAPITAL

Most South Africans are financially not ready to leave the world of work at the traditional retirement age of 60 or 65, and many embark on a 'second career' - either working longer in their current job, or starting their own business, the 2014 Sanlam Benchmark Survey has found. Of the 300 pensioners surveyed this year, one in five indicated that they supplement their retirement income with part-time work.

According to Kobus Hanekom, of Simeka Consultants and Actuaries the world of work is changing and tax laws need to 'catch up' to enable phased retirement, which will make it possible to continue working—either in their jobs or doing another type of work—and keep their money growing in a pension fund. "This means that when you retire from your first career at age 60, you will be allowed to remain in the system and continue to contribute to a retirement fund during a second career. This will allow you to increase your retirement savings, benefit from the applicable tax advantages, and retire more comfortably at a later stage".

Hanekom says delaying retirement by six years can double one's capital upon retirement, while retiring six years earlier will leave you with half the capital to last an extended time period. Another option would be to allow people to transfer retirement benefits to a retirement annuity fund where they can make further contributions depending on their circumstances and are allowed to retire and annuitise when they choose. Whether you want to continue working for financial reasons or because you enjoy remaining active, phased retirement will make it possible for individuals to postpone their retirement.

LEWENDE TESTAMENT: MAAK SELF DIE KEUSE

Genadedood is onwettig in Suid-Afrika, maar 'n bevoegde persoon het wel die reg om lewensonderhoudende mediese behandeling te weier. 'n Lewende testament kan jou gesin van 'n baie moeilike keuse spaar en sal bepaal of jy kunsmatig aan die lewe gehou moet word deur middel van masjiene soos respirators en buisvoeding of nie.

Jou lewende testament behoort nie deel van jou gewone testament te vorm nie, aangesien jou gewone testament gewoonlik eers ná jou dood gelees word.

Die moontlikheid bstaan dat jy dalk teen jou wil aan die lewe hehou word, as jou naasbestaandes nie bewus is dat jy 'n lewende testament opgestel het en waar dit gehou word nie. Jou naaste familielede en vriende behoort te weet waar jou lewende testament gehou word.

Voorbeeld van 'n Lewende Testament:

Ek verklaar dat hierdie my Lewende Testament is. Wanneer die tyd aanbreek dat ek nie meer kan deel in besluite oor my eie toekoms nie, moet dié verklaring as 'n testament van my wense beskou word.

As daar geen redelike vooruitsig is op my herstel van liggaamlike siekte nie, of as verswakking verwag word, wat my ernstige elendes sal besorg, of my onbevoeg sal maak vir 'n rasionele bestaan, versoek ek om toegelaat te word om te sterf en nie kunsmatig aan die lewe gehou te word nie en dat ek die nodige medikasie sal ontvang om my vry van pyn en angs te hou.Dat alle lewensbehoudende stelsels met omsigtigheid gebruik sal word om die lewe te behou. Hiermee gee ek die geneesheer wat my op daardie tydstip behandel, toestemming om alle toestelle wat my aan die lewe hou, af te skakel. **Bron: personeel@pcbruwer.co.za**

Maak self die keuse met 'n lewende testament

SOSIALE NETWERK VIR BOEKWURMS

App-naam: Goodreads

Prys: Gratis

Beskikbare platforms: Apple– en Android-slimtoestelle, asook op die webtuiste goodreads.com.

Wat doen die app: Goodreads kan beskryf word as 'n virtuele boekklub wat heeltyd aanlyn is. Met Goodreads hou jy tred met wat jy en jou vriende al gelees het, tans lees en nog wil lees. As gebruiker het jy jou eie virtuele "boekrak" waarop jy die boeke wat jy reeds gelees het, tans lees en nog wil lees kan organiseer.

Kry die boeke van die kuberruim tot op–jou "boekrak" deur soektogte te doen of die boek se strepieskode te skandeer.

Wanneer jy 'n profiel op die kuberruimte skep, kan jy dit ook in die webtuiste goodreads.com gebruik.

Sodra die app 'n idee kry van die sort boeke wat jy graag lees, kan dit boeke in sekere genres waarvan jy hou begin voorstel en so jou lees-horisonne verbreed.

Die app het ook 'n 2015-leesuitdaging. 'n Mens neem deel deur jou eie doel vir die jaar te stel.

Tans neem meer as 600 000 mense deel aan die uitdaging om vanjaar 24 tot 40 boeke elk te lees.

GrysKrag GreyPower

Address
2de Vloer/2nd Floor
318 The Hillside
Lynnwood, PRETORIA

Phone
(012) 348 - 3087/8706
Fax:
(012) 348 - 5644
E-mail
GreyPower
plus50@telkomsa.net
Editor
Martie Squier at:
martie.squier@gmail.com

GreyPower as an Association

GreyPower is a country-wide non-profit organisation that was founded in 1995. It is a service and goodwill association for persons of fifty years and older as well as for those who are unemployed due to early retirement.

Vision and Mission

The vision of GreyPower is to actively promote and develop the dignity, quality of life and social security of its members in order to enable them to continue functioning as participating responsible and active members of their communities.

The mission of GreyPower is to keep its members informed about developments that affect their interests and to support them through specialized information and guidance to enable them to handle their personal interests effectively.

WOULD YOU LIKE TO JOIN GREYPOWER? CONTACT US NOW!

2014 SE BESTE SAKEBOEKE



Sakeboek van die jaar

Indien jy vanjaar wil saampraat, sal Thomas Piketty se *Capital in the Twenty First Century* ongetwyfeld op jou leeslys voorkom.

Piketty se ondersoek na die toenemende ekonomiese ongelykheid in die samelewing was een van die opspraakwekkendste boeke van 2014 en het ook die *Financial Times* en *McKinsey* se gesogte toekenning as sakeboek van die jaar ontvang.

Piketty bekyk die ontwikkeling van kapitalisme sedert die 1970's en toon dat die rykes in die afgelope eeu inderdaad al hoe ryker geword het. Hy skryf die verskynsel daaraan toe dat die groei in die opbrengs op kapitaal—in die ryker lande wat hy bestudeer het—meestal sterker was as die ekonomiese groeikoers.

Piketty sê kapitaal het egter ook al hoe belangriker begin word in ontluikende ekonomieë en daarom neem ongelykheid in dié lande ook al hoe vinniger toe.

'n Land soos Suid Afrika kan nie bekostig om Piketty se waarskuwing dat dié stand van sake nie volhoubaar is nie, ignoreer nie.

Invloedrykste leesstof van 2014:

Dragnet Nation: a quest for Privacy, Security and Freedom in a World of Relentless Surveillance deur Julia Angwin

The Second Machine Age: Work progress and prosperity in a Time of Brilliant Technologies deur Andrew McAfee.

Creativity Inc.: Overcoming the Unseen Forces that stand in the Way of True Inspiration deur Ed Catmull.

House of Debt: How they and you caused the Great Recession and how we can prevent it from Happening Again deur Atif Mian en Amir Sufi

Western Empires deur prof. Sampie Terreblanche.

Terreblanche takel nes Piketty die onderwerp van ongelykheid, maar doen dit op 'n veel groter geskiedkundige skaal. Hy ondersoek hoe ekonomiese ongelykheid oor die afgelope 500 jaar in ons samelewing vasgemessel is soos wat Westerse moondhede hul magskoninkryke opgebou het. Dié boek is die hoogtepunt van Terreblanche se loopbaan van meer as vyf dekades.